**HOëRSKOOL SOUTH PENINSULA**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 9** **VRAESTEL 3**

**MEI 2017** **PUNTE: 50** **TYD: 1H30**

**INSTRUKSIES**:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A**: | Opstel | (30) |
| **AFDELING B**: | Transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geasseseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning voordat jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word.

7. Beplan jou tyd so:
   AFDELING A: 55 minute
   AFDELING B: 35 minute

8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 210 - 250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp neer.
- Jy moet jou beplanning, eerste poging en finale stuk aandui.

1.1. **‘n Spookstorie wat jy al gehoor het.** (30)

1.2. **Wat maak jou gelukkig?**

Noem ‘n paar van die dinge wat jou gelukkig maak en noem ook waarom dit jou gelukkig maak. (30)

1.3. **Wat ‘n wonderlike ervaring (experience) …**

Dink aan die volgende:
Wat was hierdie ervaring?
Waar het dit gebeur?
Wanneer het dit gebeur? (30)

1.4. **Ai, dis darem lekker om nie meer die babas van die skool te wees nie.** (30)

1.5. **Tieners spandeer te veel tyd met hul selfone!**
Stem jy saam met hierdie stelling? Skryf ‘n opstel waarin jy jou mening/opinie gee. (30)



1.6. Kies **EEN** van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer en die titel van jou onderwerp neer.

1.6.1.



(30)

1.6.2.



(30)

1.6.3.



(30)

**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 140 - 160 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel neer.

2.1. **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou vriend sukkel om vir die eksamen te studeer. Hy kan nie fokus nie en kan ook nie die werk onthou nie. Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hom waarin jy vir hom goeie raad gee. (20)

2.2. **DAGBOEKINSKRYWING**

Iemand na aan jou het onlangs afgesterf. Jy voel baie hartseer en weet nie met wie om te gesels nie. Doen jou DAGBOEKINSKRYWING. (20)

2.3 **DIALOOG**

Jy en jou vriend gesels oor jul planne vir die wintervakansie. Dit is drie weke van geen skoolwerk nie. Skryf die DIALOOG wat tussen julle plaasvind. (20)

**TOTAAL :[50]**